Die misbruik van die Here se Naam

Wat presies beteken dit om die Naam van die Here te misbruik?
En watter Naam van die Here kom hier ter sprake?

Die Here maak Homself in sy Woord bekend met verskillende name of titels:

JHWH / Jahweh / Jehova	– verbondsnaam van God (vertaal met "HERE")
Elohim	- "Skepper en kragtige Heerser"
El Shaddai	- "almagtige God"
Adonai	- "Here" of "Meester" (beklemtoon sy gesag)
Jehova Jireh	- "Die Here sal voorsien" (Eksodus 22:14)
Jehova Raffa	- "Die Here wat genees" (Eksodus 15:26)
Jehova Nissi	- "Die Here is my vaandel/oorwinning" (Eksodus 17:15)
Jehova Shalom	- "Die Here is vrede" (Rigters 6:24)
El Elyon	- "Allerhoogste God"
Alfa en Omega	- Die Eerste en Laaste, dus die Ewige (Openbaring 1:8)

Vandag gee ons name vir ons kinders oor ander redes as in die Bybelse tyd. By ons gaan dit oor familie tradisies (familiename), of omdat die ouers bloot hou van 'n sekere naam. Dit gaan daaroor dat ons mekaar kan identifiseer of uitken.

Met die Naam van die Here is dit anders. Trouens, in die hele Bybel is dit anders: die naam van 'n persoon het deurgaans 'n ryke betekenis en gee uitdrukking aan die wese en karakter van die draer daarvan. 'n Naam openbaar iets van die persoon of die omstandighede waarin die persoon gebore is. Wanneer God ons leer wat sy Naam(e) is, maak Hy iets van Homself aan ons bekend, sodat ons Hom kan leer ken. Deur sy Naam(e) leer Hy ons wie en wat Hy is. Natuurlik geld dit vir al die name van God drie-enig - ook die Naam(e) van Jesus Christus en die Heilige Gees..

Vir God is sy Naam(e) meer as bloot 'n uitkenning of 'n verwysing: dit verkondig iets baie dieper. Sy Naam(e) is Hyself.

Ons lees hiervan op verskeie plekke in die Bybel. Hier is enkele voorbeelde:

Psalm 8:1:	Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde...
Spreuke 18:10:	Die Naam van die Here is 'n sterk vesting...
Psalm 96:8:	Prys eie Here om die eer van sy Naam!

Telkens wanneer selfs net verwys word na die Naam van die Here, word dit met 'n hoofletter vertaal. God se Naam is Hyself.

Daarom is die verbod in die derde gebod so ernstig (Eksodus 20:7):
"Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie."

Om enige een van die name van die Here te misbruik, is om dit só te gebruik dat jy die diep betekenis in God se Naam wegneem. Dit gebeur byvoorbeeld wanneer iemand God se Naam belaster (met die doel om Hom opsetlik te wil oneer aandoen), God se Naam gebruik om ander daarmee te probeer beïndruk en God se Naam ligsinnig gebruik (in grappe, met uitroepe van sy Naam sonder enige erns, en so meer).

Hieraan mag ons nie deelneem nie en ons mag ook nie stilbly wanneer iemand anders dit doen nie.

Dat daar by die derde gebod ook nog ’n dreiging volg, maak dit baie duidelik dat dit vir die Here ’n uiters belangrike saak is. “Geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie”, leer die Heidelbergse Kategismus ons in Sondag 36 vraag en antwoord 100.

Ons moenie die Here en sy Naam vrees soos die Jode wat glad nie God se Verbondsnaam (Jahweh) wou uitspreek nie.
Ons moet ook nie sy Naam verswyg nie.
Met die gepaste eer, respek en dankbaarheid moet ons die Naam van die Here oral laat klink waar ons in hierdie wêreld rondbeweeg.

Rassie Smit